

Gelyke Kanse hof toe oor taalbeleid

Jana Breytenbach

Die groep Gelyke Kanse (GK) het gister 'n aansoek by die hooggeregshof in Kaapstad ingedien om die Universiteit Stellenbosch (US) se taalbeleid te laat hersien.

Verskeie bekende skrywers en dosente, onder wie Breyten Breytenbach, R.W. Johnson, prof. Anne-Marie Beukes, dr. Marie Heese, prof. Hermann Giliomee, prof. Johann Rossouw, dr. Francis Galloway en Abraham Phillips, het eedsverklarings afgelê wat deel vorm van die aansoek.

GK versoek die hof om:

- die US se nuwe Taalbeleid, wat op 22 Junie deur die senaat en raad aanvaar is, te hersien en ter syde te stel;
- die US te gelas om die taalbeleid en taalplan wat op 22 November 2014 deur die raad goedgekeur is toe te pas; en
- te verklaar dat Afrikaans “nie meer 'n gelyke plaats” aan die US het nie.

Volgens Danie Rossouw, regsvertegenwoordiger van GK wat die aansoek ingedien het, is die aanvaarding van die beleid strydig met die Grondwet, en spesifiek art. 27(2) van die Wet op Hoër Onderwys en die ministeriële beleid.



Breyten Breytenbach

Van belang in die beleid is die aandrang op die behoud en beskerming van Afrikaans as wetenskaps- en akademiese taal asook die aandrang op die ontwikkeling van ander inheemse tale.

Rossouw het gesê die aanvaarding van die beleid het veroorsaak dat faktore wat geen rol speel nie, soos dreigemente van geweld, wel 'n rol gespeel het.

Die raad het, volgens Rossouw, aanvaar dat daar afgewyk word van sy beleidsuitgangspunte wat geformuleer is tydens 'n raadsvergadering, ten spyte van 'n verslag tot die effek van sy uitvoerende

komitee.

Die een afwyking is dat die Afrikaanse aanbod nie verminder mag word nie.

Verder het die US nie die nasionale aanbod, die nasionale aanvraag, die feit dat 30 000 Afrikaanse leerlinge jaarliks met universiteitsvrystelling slaag of die provinsiale aanbod van drie volwaardige Engelse universiteite in 'n provinsie waar die meerderheid van die bevolking Afrikaanssprekend is, in ag geneem nie.

Die beleid maak ook geen daadwerklike poging tot die ontwikkeling van Xhosa of ander uitheemse tale nie.

“Gelyke Kanse betreur die feit dat hy genoodsaak is om hierdie roete te volg, maar die US se hardkoppige versuim om enigsins ag te slaan op die aandrang op die behoud van Afrikaans as 'n primêre taal van onderrig en die daadwerklike ontwikkeling van Xhosa as 'n wetenskaps- en akademiese taal, laat dit met geen ander keuse nie,” lui die GK se verklaring.

Die US het tot aanstaande Vrydag kans om aan te dui of hy die aansoek sal teenstaan, waarna 'n hofdatum vir die aanhoor van die saak bevestig sal word.